# IDEOLOGIE EN TEOLOGIE[1]

J. J. Snyman

Departement Wysbegeerte, Randse Afrikaanse Universiteit[2]

ABSTRACT

**It is argued in this article that to reduce Marxism to atheism, or to focus exclusively on that aspect of Marx' thought, as many orthodox Christians do in all good faith, is in many ways counterproductive. Conspiracy theories about Marxism is of no assistance either in working towards a just and peaceful society. Marxist sentiments that do occur in a society should rather be interpreted as an indication of untended social ills. To have only eyes and ears for Marx' critique of religion might imply the deliberate neglect of social problems, thereby giving credit to that very critique of religion.**

Ek wil my argument met 'n verhaaltjie begin.

Êrens in die 1300's was daar weer 'n pes-epidemie in Würzburg. Die sterfpatroon het mettertyd begin opval: persentasiegewys sterf daar minder Jode as Christene. Die prinsbiskop beveel die Christenbevolking om geen water te drink nie, maar net wyn. Die rede vir sy bevel is 'n geloof in die medisinale werking van wyn. Die sterftes onder kerklidmate neem feitlik onmiddellik af. Toe die epidemie verby is, word die Joodse sinagoge afgebrand, want alle tekens dui daarop dat die Jode saamgesweer het om die Christenbevolking met die pes uit te roei.

---

1 Opgedra aan dr. J.A. Schutte by geleentheid van die toekenning van 'n eredoktorsgraad deur die Randse Afrikaanse Universiteit op 25 April 1987.

2 Met dank aan kollega Hennie Lötter vir heelparty opmerkings in verband met politiek-filosofiese kwessies wat ek nuttig kan gebruik.

Was die Jode werklik die oorsaak van die pes? Nee. Met agternawysheid kan ons sê dat hierdie pes waarskynlik 'n cholera-epidemie was. Dit het ontstaan as gevolg van die besmetting van drinkwater. Die Joodse bevolking het nie varkhokke in hulle agterplase gehad nie, met die gevolg dat hulle nie onhigiëniese mishope direk langs die waterput gemaak het, soos dit die geval was in die huishoudings van kerklidmate nie. Onthou, wat openbare gesondheid betref, was dit nog maar agterlike tye. Op 'n manier het die prinsbiskop se bevel om net wyn te drink, die siekte effektief bekamp, maar sonder dat die werklike oorsaak van die epidemie geïdentifiseer en uit die weg geruim is. Die oorsaak moes nie in 'n ander buurt gesoek word nie, al het so iets die vroomheid van baie mense bevredig, maar in die eie agterplase van die Christenbevolking van Würzburg. Vandag sou ons sê: dit het tog niks anders as gesonde verstand geverg nie. Maar dink 'n bietjie deur watter muur van vooroordeel moes daar nie gebreek word om die kwaad op eie werf as selfveroorsaak raak te sien nie. En die Jode vereers uit te los.

Die strekking van my eie betoog gaan dus die volgende wees: as ons sinvol oor Marxisme wil praat, sal ons ten minste ook op eie werf moet gaan kyk. Om 'n siekte effektief te bestry, moet 'n mens seker maak dat 'n mens by die oorsaak uitkom. Met hierdie mediese analogie wil ek op my manier 'n bietjie Aufkl&da.rung pleeg. Ek wil u uit 'n moontlike ideologiese sluimering wakker maak om u te laat sien dat Marxisme nie net 'n sameswering van agitators buite ons sameleing is nie, maar dat die revolusionêre aanslag wat ons vandag beleef, asook die groei van die gewildheid van Marxisme by sommige groepe in ons land, ten minste ook oorsake het wat op ons eie werf begin het. En as ons weet wat die selfveroorsaakte redes vir ons huidige siektetoestand is, kan ons deur die nodige optrede dalk nog 'n wending ten goede aan die toestand teweegbring. Anders kan ons bestryding van die kwaad met agternawysheid later afgemaak word as kwaksalwery.

Die verloop van my betoog strek oor vier punte. Eerstens gee ek die interpretasie van gegewens uit 'n vraelys oor Marxisme en Kommunisme en waag 'n hipotese of twee. Tweedens verduidelik ek die probleem van 'n ideologie en maak 'n afspraak oor die gebruik van die term ideologie. Derdens verdedig ek my aanvanklike hipotese deur te verduidelik wat gebeur as Marxisme volgens 'n bepaalde ideologiese raamwerk

geïnterpreteer word. Laastens wil ek op sekere kortsluitings wys in die bestryding van Marxisme wat deur hierdie ideologiese oogesette beeld veroorsaak word en wat die bestryding daarvan teenproduktief maak.

## 1. Aspekte van die beeld van Marxisme en Kommunisme onder blanke Suid-Afrikaners

Die antwoorde op 'n kort vraelysie oor wat mense oor Marxisme dink, het gegewens opgelewer waaroor ek 'n hipotese of wat wil waag. Laat ek dadelik byse: die spektrum van ondervraagdes was nie besonder verteenwoordigend nie en ek sal daarmee rekening hou in die interpretasie van response. Ek gebruik die resultate van hierdie vraelys net as breë aanduidings van denktendense.

Een van die eerste dinge wat ek agtergekom het, was dat respondente vrae oor Marxisme op die oog af spontaan verander het na vrae oor Kommunisme. As ek agterna hieroor navraag gedoen het, het dit geblyk dat Marxisme en Kommunisme vir heelparty sinoniem was. Hierdie gelykstelling sal ek in die lig van 'n patroon wat in die antwoorde geblyk het, interpreteer. In alle geval het dit daartoe gelei dat ek Marxisme en Kommunisme in die vraelys sonder meer met mekaar verbind het.

Mense moes op die volgende drie vrae hulle spontane reaksie gee:

1. Noem 'n paar sake in Marxisme of Kommunisme wat maak dat u daarteen gekant is.

2. Noem 'n paar sake in Marxisme of Kommunisme wat u reken meriete het.

3. Wat sou u as belangrike sake beskou wat u teen Marxisme of Kommunisme wil beskerm?

Die bedreigingspersepsie wat in Vraag 1 aan die orde gestel is, is deurgaans op 'n manier beantwoord wat sò onder woorde gebring kan word: (Ek is teen Marxisme en Kommunisme gekant vanweë die) ateïsme wat staatlik geïnstitusionaliseer word met behulp van onderdrukkende en gewelddadige metodes. Vraag 2 het nie noemenswaardige antwoorde

gekry nie en op Vraag 3 het antwoorde in hoofsaak gelui: godsdiensvryheid is dié saak wat teen Marxisme en Kommunisme beskerm moet word.

'n Nadere ontleding van die antwoorde laat 'n interessante verskil tussen mense bo 35 jaar en mense onder 25 jaar se bedreigingspersepsies aan die lig tree.

Ouer mense sien Marxisme en Kommunisme as 'n apokaliptiese bedreiging. Daar is by hulle 'n reglynige en eenduidige verband tussen ateïsme, totalitêre wêreldbeheer en steun aan terrorisme. Die vernaamste teiken van die Marxisme en Kommunisme wat vanuit sy sentrum, die Kremlin, getref moet word, is die Christelike godsdiens. Die beeld dat Kommunisme 'n meedoënlose godsdiensvervolging beteken, is besonder lewendig, en die gevoelens wat 'n Richard Wurmbrand of 'n Brother Andrew wakker maak, loop gou hoog. Die prentjie word afgerond met 'n soort Orwelliaanse "1984"-visie van totale beheer oor die individu deur middel van die KGB.

Jongmense se bedreigingspersepsie het klaarblyklik nie hierdie apokaliptiese inslag nie. Vir blanke jongmense vorm Marxisme en Kommunisme 'n bedreiging vir hulle godsdiensvryheid en die belewenis van individualiteit. 'n Mens sou dus 'n klemverskuiwing in die bedreigingspersepsie kan vermoed: jongmense sien nie net 'n godsdienstige bedreiging in Marxisme en Kommunisme nie, maar ook 'n sosiale een. Dit is opmerklik hoedat ekonomiese vraagstukke geen rol speel in die waardebepalings van Marxisme en Kommunisme by ouer mense nie. Sou jonger mense 'n gevoeligheid daarvoor hê? Wat bedoel hulle as hulle Marxisme en Kommunisme sien as 'n bedreiging vir die belewenis van hulle individualiteit? Op hierdie punt behoort 'n mens deur 'n verdere vraelys in te gaan, want verskeie moontlikhede doen hulle voor. So kan godsdiensvryheid dalk as 'n funksie van 'n sosiaal onderskryfde individualisme gesien en ervaar word, of as sinoniem daarmee. Dit is moontlik dat die jonger mense 'n groter mate van sosiaal gesanksioneerde individualiteit beleef as die ouer respondente, en dus 'n gevoeligheid vir 'n verdere dimensie van die bedreiging deur Marxisme en Kommunisme ontwikkel het. Wat die geval ook al kan wees, laat ek voorlopig daar. Iets anders van die jongmense se reaksies vra die aandag.

Uit 'n groep van 78 respondente het 43 (55%) die bedreiging van individualiteit as 'n rede vir teenkanting van Marxisme en Kommunisme gegee, terwyl die bedreiging van godsdiens en godsdiensvryheid deur slegs 32 (41%) as motivering vir die afkeer in Marxisme en Kommunisme aangevoer is. 'n Moontlike verklaring vir die verskil tussen die ouer en die jonger respondente op hierdie punt is dat die ouer respondente 'n meer homogene groep was as die jongmense. Maar nou kom ek by die interessante en vir my belangrike punt: van die 78 respondente het 31 (40%) nie kon sê wat hulle positief teenoor die Marxisme en Kommunisme wil verdedig nie. Van die 43 (55%) wat die bedreiging van individualiteit as 'n rede vir hulle teenkanting van Marxisme en Kommunisme opgegee het, het 25 vraag 3 oopgelaat! Wat moet 'n mens daaruit aflei?

Op die oog af, so reken ek, dui dit op die afwesigheid van 'n goed ontwikkelde burgerlike bewussyn, oftewel 'n onvermoë om 'n duidelike en positiewe omskrywing van 'n samelewingsopset te gee waarin individuele regte op een of ander wyse funksioneer. Met ander woorde: die bedreigingspersepsie van veral jonger mense laat 'n paradoks blyk. Hulle is gekant teen Marxisme en Kommunisme omdat dié 'n bedreiging vorm vir iets wat - so wil dit voorkom - in alle geval afwesig is in hulle belewenis van hulle sosiale orde. Of, indien hierdie belewenis van individualiteit nie afwesig is in hulle sosiale orde nie, ervaar hulle dit nie werklik as iets wat bedreig word nie. Moet 'n mens dan ook aanvaar dat die ervaring van die skending van regte grotendeels tot swartes beperk is? Wat die geval ook al is, sal deur verdere en meer verfynde vraelyste nagespeur moet word.

Op hierdie punt wil ek my egter aan 'n voorlopige gevolgtrekking waag. Dit is terselfdertyd my hipotese. Die siening dat Marxisme (en Kommunisme) 'n bedreiging vir die Christelike godsdiens inhou, is nie noodwendig verkeerd nie. Maar dat dit al is wat gesê kan word, maak so 'n siening plek-plek en by tye verkeerd. Om op die godsdiensvyandigheid van veral ortodokse Marxisme en van 'n Kommunistiese staat soos Rusland te fokus, asof dit die enigste bedreiging of die enigste probleem is wat dit bied, is gevaarlik kortsigtig. So 'n siening verblind 'n mens vir die konteks van probleme waarop 'n Marxistiese of 'n Kommunistiese samelewing 'n antwoord wil wees, veral dan ekonomiese en sosiale probleme. Dit is my eerste hipotese. Ek wil

dit voorlopig toelig met 'n reaksie van die studentegroep wat die vraelys beantwoord het. Toe dit agterna aan hulle gestel is dat dit lyk asof hulle na alles tog in een of ander Kommunistiese sisteem tuis sal kan wees mits hulle godsdiensvryheid en hulle individuele vryheid gewaarborg sou word, was hulle heeltemal uit die veld geslaan. Dat daar meer aan Kommunisme (en Marxisme) is as blote godsdiensvryheid, en dat die Neo-Marxisme byvoorbeeld baie positiewer ingestel is ten opsigte van godsdiens, was vir hulle heeltemal ondenkbaar. Dit laat die eenvoudige vraag ontstaan: het hierdie mense werklik 'n idee waarom dit gaan as hulle sê dat hulle teen Marxisme en Kommunisme is?

Maar daar is 'n verdere vraag. Is die bedreigingspersepsie wat baie blanke Suid-Afrikaners van Marxisme en Kommunisme het, nie 'n funksie van hulle eie bevoorregte posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing nie? Dit beteken dat die beklemtoning van die godsdiensvyandigheid van Marxisme en Kommunisme onbewus funksioneer as 'n rookskerm vir die behoud van 'n sosiaal voordelige posisie in 'n samelewing wat gekenmerk word deur 'n onregverdige en ongelyke verdeling van sosiale goedere - presies die probleem waarvoor Marxisme en Kommunisme 'n oplossing aan die hand doen. Dit bring my by 'n tweede hipotese. Die hoë prioriteit wat aan die beskerming en handhawing van godsdiens teenoor die Kommunisme toegeken word, kan in die Suid-Afrikaanse samelewing die ideologiese funksie verkry van die verdoeseling van 'n gedeelte van ons samelewingsproblematiek tot die sosiale voordeel van 'n bepaalde groep, en die gevolglike behoud van hulle sosiale voordeel ten koste van diegene wat deur hierdie problematiek in die eerste plek nadelig getref word.

Laat ek die gronde vir die tweede hipotese verduidelik. 'n Nasionale party-regering en kerke onder Afrikaanssprekendes het mekaar op allerhande maniere wederkerig ondersteun met die institusionalisering van rasseskeiding en die statutêre bestryding van Kommunisme. 'n Voorbeeld van 'n denkpatroon wat sterk onder Afrikaners gevestig is, kom uit 'n boek wat in 1947 gepubliseer is en waaraan proff. G. Cronjé en E.P. Groenewald saam met dr. Wm. Nicol meegewerk het. Daar word onder andere die volgende gesê:

> "Die kommuniste wil met een slag alle rasseverskille, ook beskwaings- en ontwikkelingsverskille, opsy skuiwe en negeer.

> Hulle wil alle rasseskeidslyne, wat hulle as diskriminasie en onderdrukking beskou, uitwis. Hulle wil sonder meer algehele rassegelykstelling bewerkstellig. ... Die bolsjewistiese rewolusie staan in die teken van geweld. In Suid-Afrika, as daardie dag aanbreek, sal dit beteken dat die westerse beskawing en die Christelike godsdiens waarvan die blanke 'heersende klas' die draers is, met geweld 'n nekslag toegedien sal word. En dit sal dan die vernietiging beteken van alles wat tot dusver in hierdie land tot stand gebring is.
>
> "Een van die grootste gevare waardeur die blanke ras hier te lande tans bedreig word, is die ondermynende bolsjewistiese bedrywighede wat onder sy oë aan die gang is. Die kommuniste in hierdie land is druk besig om die rassebetrekkinge te vergiftig en om sodoende die verergering van die rassebotsing in die hand te werk" (Cronjé et al., 1947:95-96).

Hierdie twee sake, naamlik die institusionalisering van rasseskeiding en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, was ook kante van dieselfde munt. Laasgenoemde wet was aanvanklik 'n instrument om enige poging wat aangewend is - in die vyftigerjare veral deur "blanke liberaliste" - om swartes in opstand te laat kom teen die ongelykheid van 'n apartheidsamelewing, die nek in te slaan. Uit hierdie wisselwerking het die opvatting ontstaan dat enigiets wat die Suid-Afrikaanse samelewing wil verander, veral in die rigting van rassegelykheid, liberalisties en uiteindelik Kommunisties is. Kerke onder Afrikaanssprekendes het gekom met 'n "Skriftuurlike regverdiging van afsonderlike ontwikkeling", waarmee regeringsbeleid vir baie Afrikaanse kerklidmate die etiket van "Christelik" verwerf het. In hierdie politieke klimaat vind dan 'n soort resepsie plaas van die Marxisme en Kommunisme. Die volkskongres wat in die vroeë sestigerjare oor Kommunisme in Pretoria gehou is, dui Marxisme en Kommunisme aan vanuit die raamwerk van 'n apartheidsfilosofie. Die Stalinbeeld van Kommunisme word nou apokalipties ingeklee en as 'n bedreiging vir die leefwyse van die Christen-Afrikaner voorgehou. Kommunisme is as ateïstiese wêreldbeskouing 'n bedreiging vir die apartheidsisteem wat gefundeer sou wees in 'n Bybelse skeppingsleer. Daarmee is die stryd vir apartheid

en teen Kommunisme gestileer tot 'n stryd tussen die Christendom en die Ryk van die Duisternis.

'n Filosoof het 'n besondere belangstelling vir die "chemie" van denke. Daarom interesseer twee belangrike aspekte van hierdie kort skets van 'n ideëgeskiedenis 'n filosoof. Die eerste belangrike aspek is dit: die gebruik van 'n metafoor van 'n fondament of 'n wortel het hierdie selfbeeld van die belanghebbers by 'n apartheidsamelewing gestruktureer. (En so 'n wortel-metafoor was nogal taamlik gewild by kultuurleiers in die sestigerjare as hulle hulle uitgelaat het oor die Afrikaner en sy toekomstaak.) So 'n wortel- of fondament-metafoor het beteken dat daar 'n sterk oorsaaklike samehang tussen "beginselgrondslag" (wortel, fondament) en optrede aanvaar is. Die optrede en sy gevolge sou die vrugte an die "grondmotief" wees. Die verband is reglynig en eenduidig. Daarom is alles wat op die Bybelse skeppingsleer met sy sogenaamde kultuuropdrag gegrond is, Christelik regverdigbaar, terwyl alles wat op 'n nie-bybelse grondslag aangepak is, "noodwendig" skynoplossings is en mank gaan aan talle spannings. So 'n denkwyse bring mee dat alles berekenbaar gemaak kan word in terme van beginsels en gevolge. Vandaar dan die voorkeur vir beleidsraamwerke, gegrond op beginsels, wat rigied nagevolg word, en die voorliefde vir komplotteorieë as verklaring vir wat skeefloop, asook die alliansie tussen kritiek en agterdog so kenmerkend van hierdie era.

Dit bring my by die tweede aspek van so 'n denkfundamentalisme. Omdat die verband tussen grondmotief en handeling so simplisties gesien word, is daar geen besef van die onvoorsienbare en onvoorsiene gevolge van optrede nie. Die moontlikheid van "afwyking" of dat die eindresultaat anders kan wees as die bedoeling soos vervat in die grondmotief, word nie in die vooruitbeplanning in berekening gebring nie. Of die feit dat die gevolge van optrede ongewens is, word nie geregistreer nie. Dit word aanvaar dat handelinge eenduidig goed is omdat die grondmotief daaragter goed is, of eenduidig sleg vanweë die slegte motief. Daarom loop die skeidslyn tussen goed en kwaad anderkant die eie oogmerke, en nie deur die eie grondslae nie. Die feit dat daar optrede is wat wrange vrugte het, word meesal toegeskryf aan bose invloede van buite af, of dat die doel nie heeltemal verweselik is nie. In hierdie simplistiese siening van die verband tussen beginsel en optrede kry ons 'n etiek slegs

van bedoelings. Die oordeel oor die foute van die handeling word versag deur die regverdiging van die goeie bedoeling. Daar word nagelaat om 'n etiek van handeling te ontwikkel. En hierdie nalatigheid begin al hoe meer die kleur van 'n ideologiese opsetlikheid te vertoon.

Fundamentalisme skep 'n selfbeeld wat selfkritiek uitskakel. Kritiek is slegs na buite, na "die vyand" gerig. Omdat die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n bolwerk teen Godonterende Kommunisme voorgehou is, is aanvaar dat interne maatreëls tot samelewingsordening Christelike sanksie het vanuit die Christelike grondmotief. Omdat die boom 'n bepaalde wortel het, sê maar dié van 'n peerboom, sal dit natuurlikerwys ook goeie pere dra. U kom hopelik die denkchemie hier agter: as die grondmotief Christelik is, sal die dade in terme van die fondament-metafoor ook Christelik en daarom goed wees. Maar dra die boom wrang vrugte, word die verleentheid verklaar deur die wortel van die kwaad elders te soek. Sodoende word die kwaad 'n sondebok en weerligafleier en word die noodsaak van selfondersoek verminder. Veral in 'n sosiale konteks word die aandrang tot selfondersoek verdag gemaak as 'n toegewing aan die vyand, 'n verswakking van die wil tot selfhandhawing, 'n sagmaakproses van binne af om weerstand af te breek. Die etiek van geweld is 'n onderwerp wat net op terrorisme van toepassing gemaak word. Daarmee word die aanwending van geweld verskraal tot bomgooi-aksies, die plant van landmyne en dergelike meer, terwyl ander vorme van geweld - soos dié inherent aan ons eie politieke sisteem : strukturele geweld - uit die gesigs- en begripsveld verdwyn, en daarmee saam die noodsaak van 'n morele beoordeling van politieke aksies binne die sisteem.

Die fokus op die ateïsme van die Kommunisme - so waar as wat dit ook al mag wees - verkry hiermee 'n ideologiese funksie van sondebok aanwys en om weerlig af te lei. Dit beteken doodeenvoudig: praat so hard as moontlik oor die foute van die teenstander om jou eie probleme minder opvallend te maak. Praat word 'n manier van swyg. Daarmee het ek by die kern van die argument gekom: ons gepraat teen Kommunisme het iets van ons eie werklikheid op so 'n wyse verdraai dat ons selfs 'n blinde vlek vir die onopgeloste probleme daarvan ontwikkel het. Terwyl ons Marxisme op een punt probeer bestry het, het ons Marxisme op 'n ander punt bevorder deur presies dié soort voorwaardes vir hom te skep waarop dit floreer, naamlik 'n skerp onderskeid tussen besitters en nie-besitters

deur middel van 'n gemonopoliseerde wetsmeganisme. Ek verwys na wetgewing oor swart eiendomsreg, die Groepsgebiedewet, die trekarbeidstelsel en talle meer. Ten spyte van 'n verwysing in die aanhef van die grondwet na die erkenning van die beheer van God oor die lotgevalle van volke, en ten spyte van 'n Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, het ons ook wette op ons wetboek wat mishope langs ons waterputte is en goeie teelaarde vir Kommunisme bied.

Om hierdie argument aanneemlik te maak, moet ek eers 'n kort ompad volg, en dit is om 'n afspraak te maak oor wat ons onder 'n ideologie moet verstaan.

## 2. Die probleem van 'n ideologie

In baie gesprekke oor Marxisme sê ons maklik dat dit 'n ideologie is. Ons bedoel na alle waarskynlikheid iets negatiefs daarmee, naamlik dat dit 'n verdraaide perspektief op sake gee omdat, maar ook sodat alles by 'n onaanvaarbare politieke oogmerk inpas. Só 'n gebruik van die begrip ideologie sal in lyn wees met 'n tradisie wat deur Napoleon begin is (kyk Larrain, 1979:28). Ek sal in 'n sekere sin by hierdie gebruik van die begrip ideologie aansluit, maar dan moet ons ooreenkom oor een saak. Dit is die samehang tussen onaanvaarbare oogmerk en die verdraaidheid van 'n perspektief op sake.

Kom ek begin by die onaanvaarbare oogmerk. 'n Politieke oogmerk is in hierdie verband onaanvaarbaar wanneer dit 'n belang van 'n partikuliere groep mense in 'n samelewing ten koste van die belange van ander groepe in daardie samelewing wil bevorder. Die onaanvaarbaarheid het verder te make met die (aanhangers van 'n ideologie se poging tot die) monopolisering van politieke middele om hierdie partikuliere belang so te vestig dat dit as 'n algemene belang voorgehou word sonder dat ander belangegroepe vrywillig hul instemming daartoe gegee het (of kan gee). Hierdie ander belangegroepe ontvang erkenning van hulle partikuliere belange in die mate wat hulle belange inpas by die veralgemeende belange van die een groep wat in beheer is van die magsmonopolie. In hierdie magspel kry 'n ideologie sy beslag. Dit is 'n diskoers waarin die wêreld nou geïnterpreteer, gedui en verklaar word vanuit die partikuliere belang by die verkryging, behoud en/of vermeerdering van mag deur 'n bepaalde

groep in die samelewing. Hierdie diskoers moet die wyse waarop hierdie partikuliere belang voorgehou word as die belang van die samelewing in sy geheel, regverdig of 'n skyn van wettigheid daaraan gee uit die "feite" van die natuur en die geskiedenis. Uit die aard van die saak sal die "feite" geselekteer wees, selfs spesiaal gestruktureer, en in die uiterste gevalle gefabriseer. Feite wat ongeleë vir die regverdiging van die eie voordeel en eie belang mag wees, word meesal omgedui totdat dit "klop" met die belange, of dit kan verdoesel word. Sowel die regverdigingsaksie as die verdoeselingsaksie kan bewus, of onbewus, of altwee wees. 'n Mens sou kon praat van die bewuste en die onbewuste noodsaak van 'n ideologie. Dit werk met allerhande waarneembare en nie-waarneembare dwangmiddels, veral op sy aanhangers, sodat baie van hierdie nie-waarneembare denkmeganismes geïnternaliseer word.

Ek wil die term ideologie vir hierdie spesifieke verskynsel van politieke misleiding reserveer. Daar is iets riskants in hierdie siening van ideologie as 'n spesifieke - dit wil sê politieke - geval van ongeregverdigde veralgemening. As hierdie ideologie-definisie 'n kritiese definisie is, diskrediteer dit nie die regverdigingsaksie, of selfs die verdoeselingsaksie as sodanig nie. Hierdie definisie is slegs krities ten opsigte van die partikulariteit van die belang op grond waarvan die legitimasie aksie onderneem word. Dit beteken dat politieke idees se waarheid (wanneer dit gaan om belange) en legitimiteit (wanneer dit gaan om prosedures en middele) beoordeel word in terme van die breedte van 'n vrywillige aanvaarding van 'n belang deur mense in 'n samelewing op basis van 'n gelyke toegang tot middele om 'n konsensus oor hierdie belang te bepaal. Om hierdie siening verder te ontwikkel, sal my buite die perke van hierdie essay neem. Daarom volstaan ek met die opmerking oor die afspraak wat ek met u wil maak: ideologie is 'n diskoers wat 'n partikuliere belang bevorder op 'n manier wat nadelig is vir ander en hulle oor hierdie nadeligheid mislei.

### 3. Marxisme as 'n funksie van 'n ideologie

Marxisme funksioneer dus in die interpretasie van Suid-Afrikaanse probleme by baie blankes as 'n sondebok. Hiervoor kwalifiseer dit vanweë sy ateïsme. Die stelling van Marx, naamlik dat godsdiens die opium van die volk is, word aangegryp om 'n verontwaardiging teen Marx se

sogenaamde minagting van die Christelike geloof te regverdig en sy hele filosofie te diskwalifiseer. So 'n reaksie is begryplik onder toegewyde Christengelowiges, maar dit spreek ongelukkig van 'n bepaalde soort onbegrip as gevolg van oningeligtheid. Ek noem enkele dimensies van hierdie oningeligtheid.

Om te wil beweer dat niks wat Marx gesê het ooit enige waarheid kan hê nie omdat dit op sy ateïsme berus, is 'n fundamentalistiese kortsigtigheid en 'n waninterpretasie. Marx is 'n formidabele teoretikus en het baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van 'n analise van die kapitalistiese stelsel en sy invloed. Dit kan nie ligtelik opsy geskuif word nie, of 'n mens daarmee saamstem of nie. Die soort reaksie op Marx se filosofie wat sy hele denke op sy ateïsme fikseer, verraai weinig insig in die aard van teorievorming as sodanig of in die struktuur van Marx se eie denke. 'n Fundamentalistiese interpretasie van Marx se denke hou byvoorbeeld geen rekening met die historiese ontwikkeling van probleme waarop Marx 'n antwoord probeer bied nie, naamlik (onder andere) die vraagstuk van historiese kragte wat die mens se lewe vorm en die mate wat die mens 'n aandeel het in hierdie vorming. 'n Ander faset van hierdie probleemagtergrond is die sogenaamde subjekgesentreerdheid van Marx se denke, wat hom ontvanklik maak vir 'n ateïsme as antwoord op die vrae oor historiese kragte. Maar piëtistiese reaksies op Marx se ateïsme gaan van dieselfde subjekgesentreerdheid uit! Bowendien is dit nie Marx se ateïsme wat grondliggend is vir sy hele denke nie, maar hierdie siening oor die mens as subjek. Sy ateïsme vorm 'n onderdeel van sy teorie oor ideologie. En laasgenoemde moet begryp word binne die raamwerk van sy siening oor die ontwikkeling van produksieverhoudings. 'n Fundamentalistiese interpretasie van Marx se denke stroop sy filosofie tot 'n paar strooipop-clichés en kan gevolglik nie erns maak met die vrae agter Marx se teorieë nie. Vrae soos : wat behoort die deelname aan beheer oor die produksie en verspreiding van welvaart te wees, of : in watter mate mag belange grondliggend wees in 'n wêreldbeskouing, of : watter belange is meer menswaardig as ander?

En waarom moet die ateïsme van Marx se filosofie alles in sy filosofie diskwalifiseer? 'n Vooraanstaande Afrikaanse kultuurleier soos dr. P.J. Meyer, op sy dag voorsitter van die Afrikaner Broederbond, voorsitter van die beheerraad van die SAUK en voorsitter ( en later kanselier) van

die Randse Afrikaanse Universiteit, het in sy kultuurprognoses (kyk bv. Meyer, 1954) vir die Afrikaner graag gebruik gemaak van die denkbeelde van 'n Heidegger en 'n Spengler. En al het Meyer geneig om Heidegger Christeliker te maak as wat hy in werklikheid was, kan daar kwalik van Heidegger of Spengler gesê word dat hulle teïste was! Beide is eerder bekend - by ortodokse Christene - as nihiliste. Wat meer is, die opvoedingsfilosofie-met-die-baie-koppeltekens wat so 'n groot aanhang op sommige Afrikaanse universiteitskampusse het, is glad nie skaam om met Heidegger geassosieer te word nie. Of is daar fatsoenlike ateïste?

'n Verdere dimensie van die oningeligte reaksie op Marx se ateïsme is dat dit nie weet dat Marx se siening van godsdiens as opium minder van minagting spreek, as wat dit 'n kritiese kyk op die funksionalisering van godsdiens in 'n sosiale konteks is nie. Een punt van Marx se godsdienskritiek is dat dit 'n beskrywing is van 'n beeld wat godsdiens - in hierdie geval die Christendom - in 'n bepaalde tyd en plek vertoon. Uit wat Marx in sy inleiding tot die **Kritik der hegelschen Rechtsphilosophie** oor godsdiens sê, kan 'n mens aflei watter soort Christendom hom voor oë staan, naamlik een wat alles vergeestelik tot 'n anderwêreldse geluksaligheid. Dit het weining sin om Marx vir so 'n tipering te verkwalik. 'n Mens moet jou afvra of die Christelike godsdiens van 'n bepaalde tydperk nie self aandadig is aan so 'n tipering nie. Histories gesproke was Marx in die kol. Hy hou 'n spieël voor die Piëtisme en die Quietisme en hierdie gesig van die Christendom is vir sommiges onaanvaarbaar - so onaanvaarbaar dat Marx daarvoor verkwalik moet word.

'n Laaste dimensie van 'n oningeligte reaksie op Marx se godsdienskritiek sluit aan by die vorige. Die verwerping van Marx se filosofie op grond van sy godsdienskritiek alleen weet nie dat Marx se siening van die godsdiens huiwer op 'n onduidelike onderskeid tussen 'n swak en 'n hipotetiese veralgemening nie. Die stelling, "godsdiens is die opium van die volk", soos dit daar staan, is 'n swak (of 'n growwe) veralgemening. Dit kan beteken: alle godsdiens is te alle tye wesenlik en noodsaaklikerwys 'n dwelmmiddel wat mense bedrieg oor die ware aard van die werklikheid. Maar in die konteks van Marx se kritiese historiese beskrywing kan dit ook beteken: godsdiens kan (onder bepaalde omstandighede) 'n opium wees. Dan is dit 'n hipotetiese veralgemening.

Want die paragraaf waarin Marx die gewraakte stelling maak dat godsdiens die opium van die volk is, begin met 'n ander stelling, naamlik: "Godsdienstige lyding is terselfdertyd 'n uitdrukking van werklike lyding en 'n protes teen werklike lyding." Met ander woorde: nie alle godsdiens is bedrog nie. Godsdiens kan ook geïnterpreteer word as 'n protes teen 'n onregverdige wêreld.

Wie die moontlikheid van hierdie verband tussen godsdiensbeoefening en 'n bepaalde sosiale toedrag van sake ontken of nie begryp nie, het ook geen begrip vir Marx se probleem nie. Want wat Marx in sy kritiese beskrywing uitdaag, is die Piëtisme en Quietisme. Wie Marx dus al te maklik vir so 'n standpunt verkwalik, styg nie uit bo Marx se beskuldiging nie. Om as't ware gefikseer te raak op die onbetaamlikheid van Marx, die Marxisme en die Kommunisme se ateïsme, is om nou ook van die kritiek op Marx 'n opium te maak, dit is om jou te laat verdoof vir die eis om die betekenis van jou Christelike geloof konkreet, tasbaar te laat word in die verandering van die samelewing, nie net deur kos uit te deel aan die verhongerdes nie, maar ook deur daardie oorsake van honger wat geleë is in onregverdige arbeidspraktyke, sigbaar anders te laat word tot nut en heil van almal. As die Christen 'n suurdeeg in die wêreld moet wees, dan moet hy dit nie wees op die wyse van die Fariseër nie. Hy moet nie sy invloed gebruik om ontevredenes te paai sodat op die duur ongeregtigheid in stand gehou word nie. Dit is wat ongelukkig gebeur wanneer mense oningeligte kritiek op die Marxisme lewer. Dan word Marxisme die sondebok en die weerligafleier vir probleme in ons samelewing. Dit is om hierdie rede dat ek nie in hierdie artikel verder ingaan op die kwessie van 'n ideologies verdraaide perspektief op die Christendom soos 'n mens dit by sommige Marxiste aantref nie. Dit sou onder omstandighede ook iets van 'n weerligafleier wees en die noodsaak van vernuwing in ons samelewing lamlê. Die gevaar van 'n dodelik verstikkende **status** quo-ideologie huiwer dan in die lug - so dodelik as die (vermeende) gevaar van Marxisme waarteen gewaarsku word. Ek wys op vyf kwessies:

3.1 As daar geen geldigheid in Marx se godsdienskritiek is nie, naamlik dat daar geen nodigheid vir ons (blanke Suid-Afrikaners) is om te kyk of ons godsdiens nie funsioneer as 'n versiering van die lyding van verduktes en verontregtes nie, word Marxisme slegs

gesien as 'n eksterne bedreiging. In terme van hierdie eksterne bedreiging moet die interne opset verdedig en verskoon word. Wat dan gebeur, is dat die eksterne bedreiging voorgestel word as iets of iemand met geen wettige aansprake ten opsigte van enigiets van sy teiken nie. Hy is 'n volstrekte aggressor, of 'n bende boewe. Sodoende word die hele probleem gekriminaliseer, sodat die oplossing grootliks geontpolitiseer kan word. Marxisme plaas op hierdie wyse gesien, nie punte op 'n sosiale agenda nie, maar is hoogstens iets wat met magsmiddele tot niet gemaak word.

As ek kan bly by die mediese analogie van die begin van hierdie betoog, sal ek die onkritiese kritiek van hierdie soort benadering soos volg tipeer: As daar swere in ons samelewing verskyn (soos byvoorbeeld 'n bloedige opstand waarby die Rooi Vlag geswaai word), is die enigste wyse van optrede die uitsnyding van hierdie swere, selde (ook) 'n verandering van die ekonomiese, sosiale en politieke dieet van ons samelewing. As Marxisme effektief bestry moet word, sal vroom kerkmense naas die hemel en hulle Saligmaker ook minder verhewe sosiale probleme in hulle gesigsveld moet kry. Die Christendom sal nie net moet siele salig kry nie, maar ook hulle hande uit die moue steek vir dié soort salige samelewing waarin 'n Marxis vry kan rondloop en bittermin kwaad kan uitrig. Ook wat ons denke betref, kan ons nie bakterievry leef nie, maar ons kan só leef dat bakterieë die minimum skadelike uitwerking het. Dit is 'n verswakte Christendom (in die gedaante van Piëtisme en Quietisme) wat 'n Marxis 'n algehele weerstand teen godsdiens laat kry, net soos wat 'n variant van Marxisme (soos Sowjet-Kommunisme) kerkmense 'n weerstand daarteen kan gee. Maar dit is nog nie te sê dat 'n samelewing immuun is teen 'n Kommunistiese praktyk nie. As Marxisme (in sy Kommunistiese gedaante) bestry moet word, dan is dit 'n bestryding op twee fronte. Die een front is Marxisme self - op die punt van sy radikale konflikmodel. 'n Christendom wat sy Leermeester ernstig neem, veral wat vergifnis en versoening betref, sal besef dat die verdrukker bekeer moet word - en ook deel aan die bevryding van onderdrukkende strukture moet kry. Die oplossing van 'n samelewingsprobleem lê nie gewoon in die sosiale en/of fisiese eliminering van die oorsaak van die probleem nie. Dit verplaas die bestryding van marxisme na die tweede front, dié van

die samelewing self. En in hierdie verband is dit dan nodig om 'n Marxistiese samelewingsdiagnose ernstig te neem - as 'n simptoom van 'n onderliggende probleem. Dit kan 'n ander vorm van verswakte dosisse Marxisme wees ten einde teenliggame op te bou teen 'n Marxistiese vernietiging van 'n samelewingsisteem. So kan Marxistiese "bakterieë" wel kreatief aangewend word en kom Christene nie uit onder 'n verantwoordelikheid van gesprek met die Marxisme nie. Maar as die samelewingsisteem moreel geheel en al verswak is, sal dit geen dosis verswakte Marxisme oorleef nie. Daarom behoort Christene hulle eie samelewing eers grondig moreel te beoordeel op die kwaliteit daarvan. Gepaste hervormings is dalk nodig voordat dit teen 'n Marxistiese vernietiging geïmmuniseer kan word.

3.2 Die kriminalisering van Marxisme as 'n probleem van die Suid-Afrikaanse samelewing loop saam met die gebruik om Marxisme en Kommunisme as 'n komplot voor te stel. Dit is meesal 'n handige politieke misleiding: dit verklaar die status quo onskuldig en hou ingrypende strukturele wysigings in die samelewing op 'n afstand. Sosiologies gesproke is die komplotteorie vandag die ideologie van die verburgerlike individu van geïndustrialiseerde samelewings en is dit niks meer as 'n rasionalisasie van sy eie brose maar origens sosiaal gekussingde posisie nie.

3.3 Marxisme en Kommunisme gesien as 'n eksterne bedreiging vir 'n onskuldig verklaarde sosiale sisteem, word 'n weerligafleier vir die verswygde probleme van daardie sisteem. Aanhangers van 'n komplotteorie het 'n gebrek aan insig in strukturele probleme van die eie samelewing. Daar is geen besef dat die verskyning van Marxistiese en Kommunistiese sentimente - soos in ons samelewing - dalk selfs veroorsaak kan wees deur onopgeloste en opsetlik verwaarloosde probleme nie. Christene word dan so behep met die regverdiging van die hemel dat hulle onbekwaam word vir die aarde - en Marxiste vul die vakuum.

3.4 Die effek van anti-Kommunisme as 'n opium gaan verder. Onder die misleiding van die fondament-metafoor, word die sogenaamde Christelike samelewing in alles goed gedink en 'n Kommunistiese

samelewing is uit sy aard boos. So 'n fundamentalisme verseker dat die ingesetenes van 'n vermeende Christelike samelewing met 'n morele vakansie kan gaan. Daar kan op die Christelike leiers van die Christelike samelewing vertrou word dat alles onbesproke sal wees en gedoen sal word op basis van die Christelike beginsels. So 'n fundamentalisme is doodeenvoudig blind vir die ontstellende feit dat ons vermeende Christelike samelewing in sy veiligheidswetgewing en die toepassing daarvan al hoe meer ooreenkomste vertoon met die strukture en praktyke van sommige Kommunistiese state, soos Tsjeggo-Slowakye. Baie blanke Afrikaanssprekende kerkgangers ervaar die afwesigheid van kontrolemeganismes om individuele vryhede en regte in Suid-Afrika te beskerm en die gemak waarmee 'n regering staatsmasjinerie in ons land ongekontroleer teen individue kan gebruik, as heeltemal probleemloos. Oor die misdrywe waartoe aanhouding sonder verhoor aanleiding gegee het en wat al in geregtelike ondersoeke geblyk het (byvoorbeeld in die geregtelike ondersoek na die dood van Steve Biko, en in Van Heerden v. Cronwright and Others (1985)), swyg die meeste lidmate van Afrikaanse kerke in alle tale, of so nie word dit ongemaklik afgemaak met 'n verwysing na die groter wandade van die KGB, sy psigiatriese inkerkering en sy Gulag-argipel. Begin ons nie in Suid-Afrika die begin van 'n eie Gulagargipel te beleef nie? Begin ons anti-Kommunistiese staat nie soos die tweelingbroer van sy vyand te lyk nie? As die stryd teen Kommunisme die verskillende instellings van ons eie samelewing begin demoniseer, het ons die stryd moreel verloor.

3.5 Dit is dan wat die beklemtoning van godsdiensvryheid as 'n positiewe waarde teenoor Kommunisme so 'n beklemmende simptoon eerder as 'n effektiewe strategie word, veral as dit gepaard gaan met so 'n groot gebrek aan die besef van die noodsaak van die beskerming van ander vryhede. Dit is dan wat 'n mens moet begin wonder of die waardering van godsdiensvryheid nie delirium is nie, eerder as 'n toestand van normaliteit. Die feit dat blanke jongmense as julle daarom gevra word, geen positiewe omlyning kon gee van individuele vryhede en regte nie, klop met die beligting wat 'n Richard Wurmbrand en 'n Brother Andrew ontvang. Dit klop ook met die relatiewe onbekendheid met die lot van die Sakharovs, die

Bahro's en die Havemanns wat 'n mens onder 'n breë deel van die blanke Suid-Afrikaanse publiek aantref. Die SAUK kon in sy program oor die toekenning van die Nobelvredesprys aan biskop Tutu sover gaan as om dit te diskwalifiseer saam met die toekenning aan dr. Sakharov en mnr. Lech Walensa in die verlede, omdat die toekenning die regmatige aansprake van 'n staatsbelang kwansuis sou minag.

Saam gesien, spreek dit van die erkenning van 'n totalisering van staatsbelang, waarvoor godsdiensvryheid, as die enigste bewuste en bekende vryheid, die rookskerm word. So belangrik as wat godsdiensvryheid is, so min beteken dit as dit die enigste regverdiging van 'n staatsbestel se aanvaarbaarheid teenoor 'n sisteem soos .Kommunisme word.

4. Kortsluitings in die teologiese bestryding van Marxisme

Die siening wat ons van Marxisme het, verhoed dat ons Marxisme effektief bestry deurdat hierdie Marxismebeeld ook voorkóm dat ons ons samelewing verander, nie om Marxisme 'n plek te gee nie, maar om dit as't ware oorbodig te maak. Dit is die tekortkoming in ons persepsie van Marxisme. Teologiese reaksies op Marxisme in Afrikaanse kerkgeledere vertoon meesal hierdie tekortkoming, wat uitloop op 'n kortsluiting wat nie kan verstaan dat daar ander maniere van kritiek en bestryding is nie. So byvoorbeeld kan Christengelowiges harder as Marx praat in die aandrang om die wêreld te begin verander. Marxiste het nie die monopolie op verandering nie. Die wêreld kan en moet verander word - deur te begin verander aan die interpretasie van hierdie wêreld waarin Marxisme voorkom. En wat ek tot dusver probeer doen het, was 'n poging tot so 'n interpretasie.

Teologie is in sigself geen waarborg teen ideologie nie. Hoeso? Ons het al geleer dat objektiwiteit in die wetenskap ideologies verdag is, omdat dit onder die dekmantel van nautraliteit die wetenskaplike tot swye verplig oor die politieke belange wat deur wetenskaplike bevindings bevorder of benadeel word. So maak swye die wetenskaplike eintlik 'n medepligtige. Dieslefde kan met teologie gebeur. Die beroep op die gesag van 'n Goddelike Woord of die opvatting dat teologiese uitsprake maar net in die algemeen riglyne gee en dus nie inmenging in die politiek

is nie, is ideologies net so verdag as die monopolisering van God vir een of ander party. Tydsonthalwe bepaal ek my net by die ortodoksie en laat die bevrydingsteologie vereers daar.

Die waarheid van 'n beroep op die Skrif is nie gewaarborg met die beroep self nie. Daarom dat mense vandag verleë staan oor hulle regverdiging van apartheid, want nou blyk dat hulle 'n apartheidsbril opgehad het toe hulle die Bybel gelees het. En teologiese uitsprake is nie teologies suiwer as hulle algemene, bo-tydelike, ideaal-tipiese uitsprake is wat deur individuele lidmate self in konkrete situasies toegepas moet word nie. Sulke uitsprake is meesal polities onskakdelik vir die politieke maghebber, want dié kan deur die fyn kuns van interpretasie hom onskuldig ten opsigte van die uitspraak verklaar. Die waarheid van 'n teologiese uitspraak kan vermoed word waar die prediker sáám met sy toehoorders self selfs pynlik ongemaklik begin voel hoe 'n teologiese uitspraak wat hulle maak, téén hulle eie grein ingaan. Waar 'n teologiese uitspraak mense se eie belange in die gedrang begin bring, is praat nie goedkoop nie. Die handhawing van die waarheid gaan gepaard met selfverloëning. Stryd om die waarheid verg om onder die Waarheid gebuk te gaan, en só gesien te word. Aleen dan het mense se woorde waarheid.

'n Verdere probleem met talle teologiese reaksies op Marxisme in baie van sy gedaantes is dat hierdie reaksies binne die perke van 'n Piëtisme bly. 'n Mens kan dit ook so stel: teologiese weerleggings van Marxisme kom nie verder as ortodoksie nie. Ortopraksie kom nie aan die orde nie, of word as 'n vanselfsprekendheid beskou - so vanselfsprekend dat dit nie nader geanaliseer hoef te word nie. Dit is die belangrikste teologiese kortsluiting in die bestryding van Marxisme. 'n Voorbeeld kan dit aantoon. In 'n kritiese behandeling van "die Neo-Marxistiese politieke teologie" word onder andere gesê:

> "Die Neo-Marxistiese Politieke Teologie is korrek in sy oordeel dat die moderne lewe polities bepaald is. Hierdie waarneming moet ... as 'n positiewe bydrae beskou word. Tog is dit onverantwoord om uit die realiteit die afleiding te maak dat die Christelike lewe geheel en al wêrelds en polities gerig moet wees. In die Gereformeerde belydenis word die Christelike lewe getipeer met die uitdrukking 'volharding van die heiliges' (Dortse Leerreëls, hfst. 5). Hier

> onder word verstaan dat gelowiges juis vanweë die smet van die sonde gedurig rede het '... om hulle voor God te verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus te neem, die vlees hoe langer hoe meer deur die Gees van die gebed en deur heilige oefeninge van godsvrug te kruisig en na die eindpaal van die volmaaktheid so lank te smag totdat hulle, ontbonde van hierdie liggaam van sonde, in die hemele met die Lam van God sal regeer'. Calvyn ... tipeer die Christelike lewe ... as die stryd tot heiligmaking. Daarmee word bedoel dat die Christen die nuwe lewe in Christus daadwerklik moet uitleef in gehoorsaamheid aan die Woord" (Vorster, 1984:157-158).

Op hierdie opmerking volg dan onder andere die imperatief dat "die gelowige die Koninkryk in alle dinge (moet) soek - ook (in) die politiek" (160). Vir 'n deel beteken dit dat "egte Christelike politieke aksie ... ook gedra (word) deur realisme in dié sin dat dit altyd rekening hou met die sonde en dat soms uit twee euwels die een met die minste ongeregtigheid gekies word" (ibid). Vir nog 'n deel beteken hierdie soeke van die Koninkryk in die politiek dat "die Neo-Marxistiese Politieke Teologie se beskouing oor geweld ook oorweeg (moet) word" (161), ten opsigte waarvan dan uiteindelik vir die ortodokse gelowige geld dat hy hom aan die owerheid moet onderwerp (ibid.) met die gebruiklike maar ongespesifiseerde voorbehoud dat "die reg tot verset kan net bestaan wanneer daar geen ander moontlikheid van opposisie is nie en wanneer alle moontlikhede van Christelike getuienis uitgesluit is" (163). In die lig hiervan word geoordeel dat "die huidige Suid-Afrikaanse politieke sisteem ongeag elemente van onreg en strukturele geweld, genoegsame kanale van inspraak deur alle bevolkingsgroepe bied om op vreedsame wyse veranderinge tot 'n meer regverdige sisteem te beding", wat dus "die optrede van die ANC moreel ongeldig (maak) en die SARK se steun aan die rewolusionêre beweging onaanvaarbaar" (162).

Wat is nou die kortsluiting in bogenoemde? Die kortsluiting lê nie in die afwysing van die ANC se gewelddadige optrede nie, maar in die motivering daarvoor. Wat die soeke van die Koninkryk in die politiek konkreet beteken, sodat die ANC afgewys kan word, is te kursories, of te vaag om genoegsaam te wees. Die teologiese afwysing van 'n Marxisties geïnspireerde teologie sal oortuigender gewees het as dit "die wêreld op

'n heel pertinente wyse binne die gesigsveld van die kerklike horison" (150) laat verskyn het deur vanuit teologiese perspektiewe lig te laat val op die toereikendheid al dan nie van die onderhandelingstrukture wat so onkrities aangeprys word. 'n Status quo word ligtelik vergoelik met 'n sogenaamde realisme dat die sonde maar altyd met ons is. Dit bevat die implikasie dat dit nie veel help om te wil hervorm aan die politieke werklikheid nie, en dat 'n gelowige op sy beste die mindere van twee euwels kan kies. Uiteindelik word sy (gebrek aan) politieke aksie gekenmerk deur 'n gesmag na 'n buiteaardse geluk. Hierdie quietistiese subteks sit in die aangehaalde teologiese weerlegging van Marxisme en is kontraproduktief omdat dit nalaat om duidelike normatiewe perspektiewe vanuit 'n ortodokse teologie op verantwoordbare Christelike politieke aksie uit te stippel.

Onthou, as daar oor die oplossing van politieke probleme onderhandel moet word, is die politieke onderhandelingstafel nie die plek waar oor die belydenis van Christus as Verlosser gestry word nie. Dit is ook nie die plek waar so iets op 'n agenda geplaas word nie. Politieke vraagstukke - soos 'n regverdige verdeling van sosiale goedere - is in die brandpunt van die aandag. En wat het ortodokse Christengelowiges híéroor te sê? Hulle Christelike standpunt oor maatskaplike geregtigheid verbied of verhinder hulle nie om selfs met ateïste oor daardie probleem te praat nie. En Christene het nie noodwendig vantevore 'n beter oplossing as ateïste nie - nie voordat dit in 'n kritiese gesprek getoets is nie, ook in 'n gesprek met ateïste.

As Christene hulle hieroor kan uitlaat, is dit die punt waarop ortodoksie kan oorgaan in ortopraksie en waarop die grense van die beeld van 'n verswakte, geïmpotentiseerde Christendom, soos wat ortodokse Marxiste dit voorhou, deurbreek kan word. Ortodoksie onder Christene is in 'n sekere sin maklik en vir Afrikaanse kerke polities veilig: om byvoorbeeld teenoor sogenaamde Marxistiese bevrydingsteologieë se politieke bevrydingsbegrip bevryding te vergeestelik en te privatiseer tot 'n begrip waarvan die politieke betekenis verdamp of tot die minimum verskraal word, is om te sorg dat die kerk in sy siening van die betekenis van Christus as Verlosser nie 'n verleentheid vir die regering van die dag is nie en in feite in gebreke bly om uit te spel dat die kerk nie genoeë kan neem met politieke verknegting nie. Maar as ortodoksie sonder

huiweging oorgaan in ortopraksie, sal dit nie beteken dat die kerk 'n politieke party word of uitsprake maak om sy lidmate aan te raai om vir 'n spesifieke een te stem nie. Christene wat hulle ortodoks aan Romeine 13 hou, sal die staat ook monitor en hom aanspreek, en uiteindelik teengaan, wanneer hy die trekke van demonisering begin toon. 'n Kerk sal by sy lidmate aandring dat hulle hulle binne hulle partye beywer vir 'n verandering van daardie partyprogrampunte wat aanstootlik vir 'n lewe in geregtigheid vir almal is. En hy sal barmhartigheidswerk begin doen - selfs openlik as 'n protesgebaar - om die gevolge van politieke kwaad te verlig. Die uitdeling moet ook 'n waarskuwende verkondiging aan die maghebber wees en moet met selfverloëning volgehou word, veral nadat die publisiteit daaraan verbonde verby is. Ons sal moet leer dat die Christelike geloof ook dade vra wat verby die perke van burgerlike fatsoenlike bydraes op kollektebordjies vir die sending strek. Die Christelike geloof vra demonstrasie. Dit kan nie gerieflik en veilig beperk bly tot diepe innerlikheid nie.

Ten slotte: as ek u wakkergemaak het uit 'n ideologies verdraaide perspektief op Marxisme, was dit nie my bedoeling om u Marxisme te laat omhels nie. Die teenvoeter vir 'n verkeerde kyk op Marxisme is nie om dit aan te hang nie. Wat ek wou sê, is dat die bestryding van Marxisme by onsself begin. Marxisme is daar omdat Christene op 'n afwesige manier daar is.

## BIBLIOGRAFIE


CRONJE, G. et al. 1947. Regverdige rasse-apartheid. Stellenbosch : C.S.V.

LARRAIN, J. 1979. The Concepts of ideology. London : Hutchinson.

MEYER, P.J. 1954. Nog nie die einde nie. Die Afrikaner en Wes-Europa. Kaapstad : Balkema.

VAN HEERDEN, V., CRONWRIGHT AND OTHERS. 1985(2), 342(T).

VORSTER, J.M. 1984. Die Neo-Marxistiese Politieke Teologie in Suid-Afrika. 'n Gereformeerd-Apologetiese Studie. Potchefstroom (Proefskrif (Th. D.) - PU vir CHO).